Ges. 15 : 1, 6. II **Die Toerusting in die Stryd.** [Wt. 10 Aug. '41]
Ges. 33 : 1, 5.
Ges. 77 : 4

Efes. 6 : 10-24

H. Theron
Vakansie (stu..)
Voorstell

Efes. 6:11 – Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste v.d. duiwel.

Ons vanmôre gepraat oor die geestel. stryd wat elke Xten moet stry: Die Geloofstryd v.d. Kind v. G. Daarop gewys dat die aard v.d. stryd is: sluit ons verstandslewe, wilslewe, gevoelslewe in – omvat ons hele lewe. Ook gewys op die teeke in die stryd: beproewinge (van buite) en versoekinge (van binne). & die doel w/mee God dit stuur. Afgesluit m.d. moontlikheid van oorwinning – nie in eie krag nie mr in Xtus omdat Hy self die stryd moes stry, die oorwinning behaal het – en nog altyd saam met ons stry. Slotsom: wat kan dit nie vir ons beteken as ons soos Paul. aan einde v ons lewe kan sê: „Ek het die goeie stryd gestry; die geloof behou"

Na na aanl. van Efese 6:11 praat oor die Toerusting vir die stryd, die wapens wat ons het, & dan a.s. Sondagaand afsluit met die ond: Die Aanvoerder in die Stryd.

Ons kies die teks Ef. 6:11 omdat dit so besonder goed alles insluit w/oor ons v/a wil gesels: „Trek die volle wapenrusting van G aan sodat julle staande kan bly teen die liste v.d. duiwel." Mr. voordat ons oor die inhoud v.d. woorde praat wil ek baie graag hê dat ons 'n beeld moet hê v.d. man wat hd. woorde skrywe:

// Dis 'n man wat sit in die tronk v Rome besig om briewe aan sy vriende te skrywe. Hy is vasgekoppel met 'n ketting nie aan 'n ystering in die muur nie, mr aan 'n soldaat in die sel: 'n Rom soldaat geklee in die volle uitrusting van 'n soldaat van Rome in dd. tyd: om sy heupe (lende) die belt waar die swaard in is, voor sy bors die metaal-plaat om te beskerm teen die swaard, aan sy voete die militêre sandaal v.d. tyd: lig en taai stewig;
[illegible]

in sy hand die skild om hom te verdedig – aanvalle v.d. swaard af te slaan; op sy kop die koperhelmet en aan sy sy – die swaard.

En al skynende dien dié X(saldaat daar voor hom vir Paulus as beeld v.d. Xtensoldaat en die toerusting die wapenrusting wat hy ook moet besit as hy strydgereed wil wees. – Brief aan Efese // Die 1e gedagte wat P dan wil beklemtoon a.d. strydende gemeente in Efese:

I Toerusting in die Stryd is Onontbeerlik:

In die stryd v.d. wêreldlike magte v/d. is daar ~~een~~ twee waarhede wat ~~[illegible]~~ nugter hoofde baie goed besef: (i) toerusting is abs. noodsaaklik. Daarsonder kan geen stryd gevoer word nie. (ii) Die bes toegeruste mag hou die vaste, hou die langste.

Wat waar is v.d. stryd v.d. wêreld is ~~hier~~ in die geval in nog baie groter mate waar v.d. stryd v.d. Xten: twee dinge is daar wat ons baie baie duid. moet besef en sien:

① In die geestel. stryd is wapens onontbeerlik. Die Xten wat nie sy skietgoed het nie kan nie veg nie. As die Xten nie behoorlik gewapen is nie kan hy geen stryd voer nie – hy beteken niks vir die slagveld nie. Nee nog meer: hy is 'n gevaar vir sy eie kant – hy staan in die pad van ander wat wil veg: hy maak dit vir hulle net moeilik omdat hy gereken word as soldaat en tog kan hy geen werk doen nie: hy is nutteloos – en gevaarlik vir sy eie kant. Sonder wapens geen stryd.

→ Ons: Is 'n geestel. ontwapen?

② Die Xten se wapens moet die beste wees: As daar ooit iets is wat ons moet sien en verstaan dan is dit hd. wlhaid: die Xten mag nie met ou verroeste wapens veg nie – sy wapens moet die allerbeste wees: skoon, nuut, sonder enige fout.

NB || Die geestel. bewapening v.d. Xten is van die allergrootste belang: dit moet 'n volle wapenrusting wees – daar mag niks ontbreek nie!



As 'n soldaat ontoegerus of met swak wapens in die stryd gaan sal ons hom uitlag: hy voorbaat al kan voorspel: Hy gaan verloor! / En tog, hoe baie soldate v. Xtus is daar wat hopeloos swak toegerus op die slagvelde v.d. lewe gaan. / Hoeveel van ons staan nie v/d met die ou verroeste wapens wat ons nog blink van ons ouers gekry het, maar wat in ons hande nutteloos geword het nie, omdat ons hulle nie gebruik of aangevul het ~~met ander~~ nie.

Ons wil nie nou al praat oor al die wapens wat G gee nie, mr ons wil net vra: Besef ons dat ons sonder wapens nie die reg het om aan te sluit by die leër v God nie? Dat Hy ons nie kan gebr. as ons nie toegerus is nie?

③ Die Xtus. moet geoefend wees in die hantering ~~beklemtoon~~ ook Mr. Paul. wys ons nog meer. Hy verder die waarhd dat:

II God self gee ons dd. Toerusting: „Trek die volle ① wapenrusting van God aan" ① Hd. volle wap. in wapenrusting ~~wat ons gepraat het~~, sê P., omdat: hoord ons gegee nie deur die wêreld, mr deur God self. Daarom noem hy dit: die volle wapenrusting van God. As God dit nie gegee het nie, sou ons dit nooit gehad het nie en sou ons dit nooit kon gebruik nie.

Mr. juis daarom moet ons baie goed verstaan: die wapens in ons geestel. stryd is Godd. nie mensl. wapens nie. Dis deur God self aan sy X soldate gegee om te gebruik in Sy diens. Gee dit net ~~aan hulle wat dit wil gebruik.~~ Wds. gebed ons. Mr dis ook 'n volle wapenrusting omdat:

② Dit altyd beskikbaar is: Waar in die wêreldstryd somtyds 'n tekort aan wapens is, waar daar in die gevegte ~~[illegible]~~ geweldige verliese gely word, waar die een nyand soms v.d. ander buit – waar daar dus nie altyd die nodige beskikbaar is ~~sal~~ net om anders aan vegmateriaal → daar is dit anders in die koninkryk v.d. Xten. Want die geestel. wapenfabriek van God ken geen tekort nie

in die styd v God is daar vir sy vegsmanne altyd genoeg wapens beskikbaar: altyd tot ons diens Hoef nooit bang te wees: Mr. dis ook 'n volle wapenrusting omdat dit

(3) Genoegsaam is: [~~Waar die wêreldmagte soms 'n oorvloed het v.d. een wapentuig, mr 'n tekort v.d. ander~~] In die styd v.d. wêreldmagte sien ons verder dat elke mag probeer om sy wapentuig so in te rig dat dit alle terreine dek: vliegtuie v alle soorte, pantserwaens, kanonne mr ook skepe, kruisers: opgemaak op land, see, lug. D/sonder geen versekering v. oorwinning. // Mr. waar die wêreldmagte soms 'n oorvloed het v.d. een wapen en tekort v.d. ander, daar is dit nooit die geval m.d. wapenrusting wat God ons gee nie: in alle opsigte en in alle omstande is dit genoegsaam - dit voorsien in al ons behoeftes! D/om 'n volle wapenrusting (vs 14-17) // Ons kan nie elkeen apart behandel v/a nie, ook mr net opsom aanraak mr. ons wil tog net wys op die groot waarde en genoegsaamheid om in al ons behoeftes te voorsien:

(1) Die het om ons heupe, ons lende omgord m.d. wapen van waarheid w/mee ons al die leuens v.d. Bose kan trotseer! Wat beteken dit nie vir die Xten dat hy verseker kan wees: God het my die waarheid gegee in my hart en verstand & my lewe! D/mee al die vestinge van onwaarheid & onsekerheid oorwin!

(2) Dan die borswapen van geregtigheid wat God a.d. kind gee om sy geloofstryd mee te stry: die besef in my hart: Daar is niks skelms of onregverdig of ontrou in my verhg t.o.v. God en my medemens! My gewete is gerus: ek is nie skaam vir wat ek dink en sê & doen!

(3) Mr. aan ons voete kom nog die sandale: die gewilligheid om te mars vir die groot deel w/toe



God sy kinders roep: die Ev. van vrede te dra tot aan die eindes v.d. aarde!

(4) En so die skild v.d. geloof, die groot verdedigingswapen om die aanvalle van ongeloof, twyfel, pess. en donkerheid te oorwin om verseker te wees: God is aan my kant.

(5) Voeg hy die helmet: verlossing wat God bied uit die gevaar van sonde en bo al: die enigste wapen Almal sover verd. wapens

(6) Die swaard - Die Wd v God - die enigste aanvalswapen v/ Xten wat indring in die diepste skuilhoeke van ons hart, wat die diepste gevoelens van my gemoed ontmasker en die verkeerde aanval en verslaan! hier veronderstel:

(7) Mr. nog 'n wapen - die geheime wapen v.d. Xten: die H.Gees wat God self hanteer om ons in die stryd te help - wat Hy stuur in die harte van die weerspannige, onwillige om die te verower!

→ Watter groot mag aan die kant v.d. Xten: En tog hoeveel kinders van God is hopeloos swak toegerus! Hoe baie van ons gaan in die slagveld met net een v.d. wapens! En baie ken weet ons nagenoeg om die te gebruik nie! Hoe baie v. ons se lende nie omgord, die borswapen nog nie aan, of soos iemand onlangs gesê het: Geestelik kaalvoet in die styd! Weet ons al wat dit beteken om te veg m.d. Wd v G in ons hand & die gees v G in ons harte!

→ Verstaan ons genoegsaam dat die wapens v G word nooit oud, raak nooit verslyt, het geen reparasie nodig: Gods Wd., gebed, Gees altyd ~~tot ons~~ beskikking! Hoef nie

D/om sê P: trek aan die volle w. v G!

III. Die Doel w/mee God dit gee: Vas tot afronding gebring - hele gedagte vertoon in die wde: „sodat julle staande kan bly teen die liste v.d. duiwel". Dit is die doel w/mee G die wapens gee: sodat ons

die bose in ons, om ons kan oorwen. Daarom dat God ons sy volle w/rusting gee, daarom dat daar niks kortkom as ons in die slagveld moet gaan nie: God ken die vyand – Hy weet hoe listig en sterk die is: hoe swaar en verwoed die stryd sal wees. God weet;

① Die Bose laat ons nooit met rus nie: In die stryd v.d. wêreld kom daar verposing, asemhaaltyd ens. in die stryd m.d. Bose in & om ons nooit. Die vyand val altyd aan: sy gepantserde magte staan altyd gereed. Vir die Xten is daar net een ding wat verposing bring: die asemhaaltyd v.d. gebed: en selfs daar dring die Bose ook in.

② Die Bose maak die Xten se wapens na: Daar is niks wat die Bose so graag doen as dit: die wapens v.d. Xten na te maak – hom valse, oneg(te), waardelose wapens in die hand te stop asof dit egte goed is: ~~gebed~~ – v.d. misbruik, gebed kragteloos, ens. Någeunwapen! – Radio-godsdiens wat nie my eie gewondhet.

③ Die Bose het sy 5e Kolonne wat die vesting v.d. Xten van binne bedreig: Daar is niks wat die Bose so graag wil doen as om die Xten te ontwapen deur te maak:

– Bybel nie gebruik, gebed verwaarloos, die een Xten teen die ander op te maak, valsheid & onegtheid in ons lewes te bring: die verraderlike werk v. Satan in die hart v.d. mens!

En juis daarom gee God ons sy volle wap. rusting sodat ons staande kan bly teen die verwoede aanvalle van die Bose!

Sal ons dan nie die ~~staan~~ mag v.d. Bose in ons eie lewes sien en die valse wapens uithandig nie! Sal ons dan nie opnuut seker maak of ons reeds die volle wapens: ? v Ø ontvang het & of ons dit aangetrek het nie?

Huistoe gaan met die een vr: Is ek stryd gereed? Kan God my enige oomblik oproep vir die stryd? Indien nie: Teks.